# BELEID

# VERGOEDING
# VAN
# BY-VOORDELE

# VERGOEDING VAN BY-VOORDELE

## 1. Definisie van By-voordele

By-voordele word vir doeleindes van hierdie beleid gedefinieer as addisionele of bykomstige vergoeding wat deel vorm van die bepaalde pos en die vergoedingstruktuur daaraan gekoppel. Sekere by-voordele is van toepassing op alle werknemers terwyl ander by-voordele op die basis van persoonlik tot bekleër of dan kontraktueel tot bekleër gedefinieer word.

## 2. Tipes By-voordele

Die volgende tipes by-voordele word aangetref :

2.1 Werkgewer bydrae tot pensioen- of voorsorgfonds
2.2 Behuising subsidie of huurtoelaag vir behuising
2.3 Essensiële voertuig skema
2.4 Raadsbehuising
2.5 Motorskema vir senior personeel (Posvlak 1 en hoër)

## 3. Betaling van By-voordele

3.1 Soos gemeld in die definisie paragraaf sal by-voordele hanteer word op die basis van voordele wat sentraal beding is en op die betrokke werknemer groep of in sy geheel van toepassing sal wees of dan voordele wat kontraktueel tot die bekleër van die betrokke pos of posisie sal wees.

3.2 Met die betaling van by-voordele sal deurentyd bewyslewering van die werknemer vereis word ten opsigte van die volgende :

3.2.1 Lidmaatskap van fondse
3.2.2 Eienaarskap
3.2.3 Huurkontrak
3.2.4 Logstate
3.2.5 Aankoop bewyse en logstate
3.2.6 Deurlopende oudit van bewyse

**4. Voortgesette betaling van By-voordele**

Die huidige by-voordele wat aan werknemers betaal word, word as kontraktueel tot die bekleër van die pos beskou tot en met so 'n tyd dat ander diensvoorwaardes wat nasionaal of sentraal beding word in werking tree waarna hierdie beleid dienooreenkomstig aangepas sal word.

**5. By-voordele tydens uitdienstreding**

5.1 In die geval waar werknemers uitstaande leningskuld op voertuie sal hê, sal die uitstaande bedrag betaalbaar wees aan die Raad tydens uitdienstreding. Onderhandeling tussen die werknemer en die Raad sal die reëlings in dié verband bevestig.

5.2 In die geval waar Raadseiendom bewoon word sal die eiendom ontruim word binne een maand na diens beëindiging.